



WWF

VERSLAG

ZA

2014



# Ervarings van water-voogdyskap in die Wes-Kaap

## Riglyne vir Wes-Kaapse vrugteboere oor behoorlike water-voogdyskap

Hierdie brosjure is gerig op landbouprodusente wat aangewese is op watervoorsiening en wat daarin belang stel om meer te wete te kom van risiko's wat met water verband hou asook hoe om dit te bekamp deur goeie praktyke, bewaring en rentmeesterskap.

Hiervoor word die ervarings van nege steenvrugteboere in die Breederivier-opvangsgebied van naderby bekyk. Hulle het in 2013 en 2014 deelgeneem aan 'n inisiatief oor water-voogdyskap. Hul ervarings sal na verwagting ander boere help om maniere te identifiseer om die gebruik en bestuur van waterbronne te verbeter, iets wat van kritieke belang is om hul sake aan die gang te hou.

Hierdie inisiatief vir rentmeesterskap, sowel as die brosjure, word gedryf deur die WWF Suid-Afrika, die WWF in Brittanje, die Alliansie vir water-voogdyskap (AWS), Marks & Spencer en Woolworths.



# INLEIDING

Die Mediterreense klimaat van die Wes-Kaap bring warm en droë somers en nat, koue winters mee. Dit onderskei die streek van die res van die land wat deur somerreënval gekenmerk word.

Hierdie unieke reënvalpatroon maak die Wes-Kaap van kernbelang vir spesifiek landbougewasse wat met die uitvoermark verbind word. Dit sluit in steen- en kernvrugte (soos appels en pere) en sitrusvrugte, sowel as druiwe. Ander gewasse soos olywe, koring en groente word ook verbou.

Wat die Wes-Kaap met die res van Suid-Afrika gemeen het, is 'n hoogs veranderlike klimaat waarin droogtes en oorstromings oor die algemeen risiko's meebring wat in gedagte gehou moet word. Dit word vererger deur voorspellings oor klimaatsverandering. Daarvolgens word die Wes-Kaap voortaan deur nog meer ekstreme weerstoestande in die gesig gestaar. Dit gaan na verwagting voortaan minder reën in die provinsie. Ander grondgebruike en die effek daarvan op waterbronne hou toenemend gevare vir watergehalte in. Hierdie fisiese risiko's loop saam met die Suid-Afrikaanse regering se besluit om die toewys van water vir stedelike en dorpsgebiede asook nywerhedegebruike te prioritiseer<sup>1</sup>. Dit laat die landbou-sektor

met die ontnugterende werklikheid dat water noodsaaklik is vir sake, maar ook dat risiko's in verband daarmee sake kan bemoeilik.

Risiko's aangaande water word op talle vlakke erken. Dit sluit in kleinhandelaars wat risiko's bykry deur middel van die voorraadketting. Die kleinhandelaar Marks & Spencer het die Water-risikofilter<sup>2</sup> wat deur die WWF ontwikkel is, toegepas om te bepaal of daar watergevaarpunte in sy eie voorraadlyn is.

In die Wes-Kaap is só 'n gevaarpunt vir steenvrugte geïdentifiseer. Gevolglik het Marks & Spencer 'n vennootskap met die AWS, die WWF-SA en Woolworths aangegaan. Hulle werk aan geleentheid vir water-voogdyskap met boere in die Breederivier se opvangsgebied om dié risiko te temper. In 2013 het nege boere vrywillig hierby betrokke geraak om moontlikhede vir water-voogdyskap op hul plase te identifiseer. Die projek word tans uitgebrei. In 2015 sal ondersoek ingestel word na water-voogdyskap in die bloop van die rivier.

---

<sup>1</sup>Pott, A., Hallows, J., Backeberg, G. en Döckel, M. 2009. The challenges of water conservation and water demand management for irrigated agriculture in South Africa. *Water International* 34(3): 313-324.

<sup>2</sup>[www.waterriskfilter.panda.org](http://www.waterriskfilter.panda.org)

# RISIKO VIR WATER

Om die waterrisiko's te pak is dit belangrik om hulle eers te begryp. Ons het vier risikogebiede geïdentifiseer wat vir boere in die Breederiviervallei ter sake is.

- Regstreekse **fisiese risiko's** wat verband hou met
  - die beskikbaarheid van water (droogte en oorstromings);
  - betroubaarheid (bergplek en voorsiening-infrastruktuur); en
  - watergehalte (na en van plase).
- **Maatskaplike risiko's** verwys tipies na ondernemings wat inbreuk gemaak het op lede van die gemeenskap se toegang tot water. In Suid-Afrika geld die teenoorgestelde egter ook, naamlik vandalisme en die diefstal van besproeiingstoerusting. Dit veroorsaak geldelike verliese, verlies aan water, gevaar vir oeste en om te moet belê in veiligheidsmonitering.
- **Regulatoriese risiko's** wat veroorsaak word deur veranderinge in die toewys van water en lisensies wat daarmee verband hou, asook nuwe waterinstellings.
- **Reputasie- en markrisiko's** wat verband hou met die wesenlike en waargenome ekologiese en maatskaplike uitwerking van watergebruik en -afvloei.

Neem ook die volgende in ag:

Watter van hierdie risiko's is kwessies **op jou plaas**? Watter van hierdie risiko's raak **jou, asook ander boerderye** in die omgewing? Dit sal jou help om risiko's te identifiseer waaraan jy **op plaasvlak aan aandag kan skenk** asook watter risiko's verder as jou plaasgrens strek en derhalwe 'n **groeppoging** gaan verg om dit te verminder.



# WAT IS WATER-VOOGDYSKAP?

Waterrisiko's word toenemend die werklikheid vir landbou. Toenemend maak dit goeie sakesin om te verseker die regte hoeveelheid water van die juiste gehalte is beskikbaar om te voorsien in wat ekostelsels, mense én ondernemings nodig het.

*Water-voogdyskap vir sake volg op toenemend verbeterde watergebruik asook 'n verminderde uitwerking van interne en waardekettingoperasies op water. Dit is veral 'n verbintenis tot die volhoubare bestuur van gedeelde waterbronne deur gesamentlike optrede saam met ander ondernemings, regerings, nieregteringsorganisasies en gemeenskappe.*

WWF-definisie

Om 'n goeie rentmeester te word verg 'n langtermyn-verbintenis. Dit begin met klein treë, deur bewus te word van waterkwessies en dan om risiko's die een ná die ander te verminder. 'n Goeie plek om te begin is om jou plaas se watergebruikpraktyke op te knap en dan stappe vir water-voogdyskap te verken wat die risiko's in jou gebied kan verminder.

Redes om 'n goeie rentmeester te word is volop, soos 'n naderende of huidige waterkrisis. Ander redes is 'n moontlike toename in waterrisiko's en dat jy 'n etiese markvoorsprong wil ontwikkel of word deur 'n sin vir verantwoordelikheid gedryf.

*Water, anders as die grond, word deurentyd verplaas. Rentmeesterskap daarvan verg dat **jy kyk na waar dit vandaan kom, hoe jy dit gebruik en waarheen dit vloei.***

**1.**  
Word waterbewus

**2.**  
Begryp watergebruik op jou plaas asook die risiko's daaraan verbonde

**3.**  
Pas beste praktyke toe

**4.**  
Raak betrokke by water-voogdyskap anderkant jou plaasgrens

**5.**  
Dra by tot waterbestuur in die groter opvangsgebied

In Suid-Afrika word met die Nasionale Waterwet beoog dat die publiek en belanghebbendes (waaronder ondernemings) aan waterbestuur sal deelneem. Dit kan geskied deur middel van instellings soos die opvangsgebied se bestuursagentskappe en watergebruikverenigings of deur minder amptelike voogdyskapgroepe. Water is in almal se belang en daar is altyd werk wat gedoen moet word, of dit nou vir individuele watergebruikers is of kollektief.


**Diagram 1:** Die WWF se vyf stappe vir water-voogdyskap soos geïnterpreteer vir 'n plaaskonteks.

# DIE AWS-STANDAARD EN VOORSIENINGSKETTOING

Dit is alles goed en wel om belang te stel in waterrisiko's en geleenthede vir water-voogdyskap, maar waar begin 'n mens? Daar is verskeie keuses en bestaande instrumente tot mense se beskikking.

Een wat van kernbelang is, is die AWS se voogdyskapstandaard wat deur die AWS ontwikkel is. Hierdie standaard is internasionaal, nuut en uniek omdat dit fokus op water-voogdyskap eerder as gesondheid en veiligheid of etiek. As sulks bied dit 'n duidelike aanduiding oor vroeë wat jy kan stel oor jou watergebruik en -risiko's. Die AWS-standaard is nuttig op enige plek (hetsy 'n plaas of fabriek), om die hantering van water verbeter (soos uiteengesit in die WWF se stappe 1 tot 3 oor water-voogdyskap). Dit berei dan die weg vir kollektiewe optrede (stap 4). Verdere optredes is dan nodig om te verseker waterrisiko's word bestuur deur met ander belanghebbendes in die opvangsgebied saam te werk (stap 5).

Die standaard is beskikbaar vir enigiemand om te gebruik en 'n amptelike verifikasieproses word tans ontwikkel. Soos wat die AWS-standaard ten volle operasioneel word, kan sommige handelsmerke en boere wat besluit het dat water-voogdyskap vir hulle van waarde is, kies om hul voorsieningskettings te sertifiseer of hul plaas by die standaard.



Die WWF, AWS, Marks & Spencer en Woolworths het gesamentlik die struktuur en inhoud van die AWS-standaard vir die landbousektor in die Breederiviervallei-opvangsgebied op die proef gestel. Nege plase het ingewillig om hieraan deel te neem. Hulle het die geleide proses deurgegaan om kernbelangrike risiko's vir water en geleenthede vir die rentmeesterskap te identifiseer. Dit het tot 'n voogdyskap-waterplan op die lang termyn gelei. Geleenthede vir water-voogdyskap in die groter Ceres-gebied is ook geïdentifiseer.

Hierdie proses het getoon dat die standaard 'n mens help om meer oor waterkwessies te leer. Soms is dit egter gerade om hulp te hê om die resultate te interpreteer en om te weet hoe om dit om te sit in bruikbare moontlikhede vir voogdyskap. Die WWF ontwikkel tans 'n webgebaseerde instrument om aan AWS-inligting 'n meer Suid-Afrikaanse en landboukundige kleur te verleen. Dit het ten doel om boere te help vorder met water-voogdyskap.

Daar was wyd besorgdheid dat die skep van nóg 'n waterstandaard tot die werklas van boere gaan bydra wat reeds jaarliks aan ander kwalifikasiestandaarde moet voldoen. Die AWS wil egter die verskeie standarde stroomlyn en integreer met die doel om samewerking te vergroot. Dit sal boere in staat te stel om meer holisties te wees wat hul benadering betref.

**Figuur 1:** Die AWS-diagram wys volgehoue verbeterings deur middel van 'n proses van ses stappe.

# OPSOMMING VAN DIE AWS-STAPPE

Die AWS-standaard kan voltooi word op verskeie vlakke en sal erken word deur sertifikasie as deel van die **kernkriteria** of, bykomend, **gevorderde kriteria**.

**Figuur 2:**  
**'n Opsommende diagram van kernvlak-kriteria vir die ses stappe**

## STAP 6: KOMMUNIKEER EN MAAK INLIGTING BEKEND


- Maak interne bestuursmetodes bekend
- Maak vertoning van water-voogdyskap bekend
- Maak bekend die pogings om aan gedeelde wateruitdagings aandag te sken
- Streef deursigtigheid na in die nakoming van die standaard

## STAP 5: EVALUEER

- Evalueer werkverrigting, risiko's en voordele
- Evalueer insidente
- Pleeg oorleg met belanghebbendes
- Werk planne vir rentmeesterskap by en vir reaksie op insidente

## STAP 4: STEL IN WERKING

- Kom wette na
- Handhaaf/verbeter waterbalans
- Handhaaf/verbeter watergehalte
- Handhaaf/verbeter die stand van die IWRA's
- Neem deel aan die bestuur van die opvangsgebied
- Handhaaf/verbeter nieregstreekse watergebruik
- Voorsien WASH op spesifieke plek
- Spreek bekommernis uit oor gedeelde infrastruktuur vir water



## DIE AWS-STANDAARD (WEERGAWE 1.0): KERNKRITERIA

### STAP 1: VERBIND TOT PROSES

- Leiers verbind tot proses
- Beleid vir water-voogdyskap

### STAP 2: VORDER DATA IN EN VERDIEP BEGRIIP

- Definieer omvang
- Identifiseer die belanghebbendes
- Data oor die opvangsgebied
- Data oor water op die spesifieke plek
- Nieregstreekse watergebruik
- Gedeelde wateruitdagings
- Verstaan en prioritiseer waterrisiko's, asook geleenthede

### STAP 3: BEPLAN

- Wettlike stelsel van nakoming
- Plan vir water-voogdyskap
- Reaksieplan vir voorvalle
- Stel owerhede in kennis van planne

**Figuur 3:**  
**Opsommende diagram van kriteria op'n gevorderde vlak vir die ses stappe**

## STAP 6: KOMMUNIKEER EN MAAK BEKEND

- Maak waterrisiko's bekend aan eienaars (in ooreenstemming met erkende raamwerke vir bekendmaking)
- Stel 'n program in vir opvoeding oor water
- Bespreek rentmeesterskap op terreinvlak in organisasie se jaarverslag

## STAP 5: EVALUEER

- Hersien pogings met rentmeesterskap op die vlak van die uitvoerende of bestuursliggaam
- Hou 'n amptelike evaluasie van belanghebbendes

## STAP 4: STEL IN WERKING

- Behaal resultate met beste praktyke vir waterbalans op die betrokke plek
- Behaal resultate met beste praktyke vir watergehalte op die betrokke plek
- Behaal resultate met beste praktyke met die herstel van IWRA
- Behaal resultate met beste praktyke vir waterbestuur
- Bevorder waterhoogtemerk vir nywerhede se watergebruik
- Wys water wat gespaar is toe vir maatskaplike en omgewingsbehoefes
- Neem deel aan kollektiewe optrede vir gedeelde wateruitdagings
- Dryf die vermindering van nieregstreekse watergebruik
- Voltooi die inwerkingstelling van inisiatiewe wat met water verband hou
- Bied toegang tot WASH in die omgewing



## DIE AWS-STANDAARD (WEERGAWE 1.0): GEVORDERDE KRITERIA

### STAP 1: VERBIND TOT PROSES


- Bevorder AWS-inisiatiewe
- Verbind tot ander inisiatiewe
- Verseker 'n verbintenis tot rentmeesterskap van die organisasie se mees senior liggaam
- Prioritiseer gemeenskappe se reg op water

### STAP 2: VORDER DATA IN EN VERDIEP BEGRIIP

- Steun gesamentlike data-insameling
- Win bykomende data in
- Hersien 'n amptelik studie oor toekomstige watersenario's
- Doen 'n gedetailleerde evaluasie van nieregstreekse watergebruik
- Verstaan grondwater/e-vloeiende die plek se bydrae
- Voltooi 'n vrywillige SIA (ontleding van maatskaplike impak)

### STAP 3: BEPLAN

- Verky konsensus van belanghebbendes oor die plek se teikens vir water-voogdyskap
- Ontwikkel 'n amptelike plan vir klimaatsverwante aanpassings



**Figuur 4:** Kaart van die gebied

## Hoeveelheid water – kry die tegnologie reg

Drie van die nege plase se bestuur en eienaars het tot die slotsom gekom dat die juiste tegnologie van kernbelang is om doeltreffende watervoorsieningsprosesse te behaal. Só ’n besluit kos egter baie en verg die sorgvuldige opweeg van keuses en prioriterings. Vir sowel Esperanto as Welgemeen was dit ’n voorkeursaak om te skuif van ’n tydgebonde watervoorsieningsproses na een wat gegrond is op watervloei. Sodoende is daar groter beheer oor die werklike hoeveelheid water wat in leibeurte gebruik word. Waboonskraal het dit in die

besonder bruikbaar gevind om te kyk na die voggehalte van die grond bykomend tot die gewone put- en graaftoetse met die hand. Die inwerkingstelling van twee proefsteke oor voggehalte het belangrike insigte meegebring vir die optimalisering van watervoorsiening. Die uitbreiding van ondersoek na voggehaltetoetse na die res van die plaas is deel van ’n vyfjaarplan.

## Watergehalte – wees in die kol hiermee

As deel van pogings om hul plaas se watergebruik en risiko’s te verstaan het Romansrivier die watergehalte gemeet van hul inkomende en afvloeiwater by



die laagste wegvloeiende afvloeiopunt aan die plaasgrens. Hulle het bevind dat die voedingstofvlakke van hul afvloeiwater ruim aan watergehalteriglyne vir afvloeiwater voldoen en dus veilig vir boere stroomaf om te gebruik. Hulle het ook agtergekom dat daar 'n toename in voedingstofvlakke is tussen hul inkomende en afvoerwater. Hulle het tot die slotsom gekom dat hul gebruik van bemestingstowwe ruimte vir verbetering laat. 'n Gedeelte van hul gebruikte bemestingstowwe het letterlik “bergaf geloop”, iets wat geld mors en bydra tot eutrofikasie-risiko's verder stroomaf.

As deel van die proses waarvolgens hierdie besluit bereik is, was 'n sorgvuldige evaluasie om te keer dat vrugteproduksie ly deur die gebruik van te min bemesting. Van die 2013- tot 2014-groeiseisoen het die plaas sy gebruik van bemestingstowwe met 25kg/ha verminder.

Dit is 'n dapper stap wat 'n noukeurige ondersoek verg na nog watergehaltetoetse, vrugteproduksie en hul bankrekening om te sien of Romansrivier nou sy bemestingkoers optimaal benut.



© S DZIKITI

## Die hantering van maatskaplike risiko's oor water - die sorgvuldige uitleg van besproeiingstesels maak jou minder van 'n teiken

Die Denouplaas is geleë aan die rand van Prince Alfred Hamlet – en kan 'n maklike teiken wees vir opportuniste en gefrustreerde gemeenskapslede. Alte gereeld is die plaas se besproeiing bemoeilik deur vandale en diefstal – dit het 'n uitwerking op die spreiers, krane, kragrade en die inhoud van pomphuisse. Vanjaar het Denou begin met 'n proses om 'n deel van sy besproeiing-pypleiding te herontwerp en om al die krane na veilige plekke op die plaas te skuif. Dit beteken al die krane kan van een plek beheer word wat ver van die dorpsom geleë is. As deel van die proses het Denou ook al die oorblywende asbes-besproeiingspype met ander vervang. Hierdie optrede verbeter die gesondheidvlak en veiligheidsvlak en verminder die koers van lekkasies, iets wat in die algemeen met verouderde asbespype in verband gebring word.



© S DZIKITI

## Risiko's vir jou reputasie – die teenvoeter is om pro-aktief te wees

Die plaas Lushof het die media in 2014 bereik – nie vanweë sy risiko's vir reputasie nie maar eerder vir die pro-aktiewe bevordering van uitnemendheid. As deel van 'n mediareis van die WWF-SA en Woolworths vir Wêreldwaterdag in 2014 is 'n onderhoud met Lushof gevoer deur die landboutydskrif *Landbou Weekblad* oor sy tegnologieë gevorderde besproeiingstelsel. Lushof se sewepuntplan is soos volg gedokumenteer:

1. Plant kultivars wat geskik is vir jou gebied.
2. Pas jou besproeiingstegnologie aan na gelang van jou gebied – Lushof gebruik mikrosproeiers met 'n klein straal wat vir hul plaasomgewing geskik is. Sodoende vergroot hulle die plantproduksie en minimaliseer watergebruik.
3. Ken jou grondsoort – en besproei dit dienooreenkomstig, gebruik afvloeimeters om die toepassing van die besproeiing te meet en 'n druksensitiewe stelsel om te verseker dat die juiste hoeveelheid water gebruik word.

4. Wend nuwe tegnologie aan, soos grondvogpeilers (IT-standaard) wat deurentyd data deur middel van radioseine na 'n gesentraliseerde stelsel stuur. Daar kan bestuurders die data interpreteer op rekenaars en selfone en vinnig optree. Sodoende word effektiewe besproeiing optimaal gemaak.
5. Instandhouding is noodsaaklik – altesame ses mense is verantwoordelik vir die monitoring en instandhouwerk aan die stelsel.
6. Stel meetbare doelwitte – sorg vir 'n vloeimeter om watergebruik te help dokumenteer en weet wat is in jou dam.
7. Toets jou vrugte – vrugte met effense waterstres het meer suiker in as vrugte wat te veel water kry. Dit is dus nodig om jou besproeiingsbalans reg te kry om die gewenste suikergehalte in al jou vrugte te verkry, of hulle op sand of in kleigrond is en of hulle besproei word met mikrosprute of met drupbesproeiing.

Vanweë die artikel het Lushof aansienlik aandag gekry en verskeie versoeke van ander boere om 'n toer van die plaas te kry en van Lushof te leer. Hierdie proses het Lushof se risiko's vir sy reputasie merkbaar verminder, maar dit bly belangrik om aan die voerpunt te bly.

Lushof het ook toekomstige planne om hul boorde te beperk met betrekking tot die Skaaprivier wat deur die plaas vloei. Hierdie skuif sal probleme met die boord uitkakel wat geneig is om swamme te kry weens baie water by die rivier. Gevolglik sal dit nie 'n aansienlike verlies aan produksie meebring nie. Dit sal ook die Skaaprivier se buffersone vergroot waar dit deur die



plaas vloei. Die Skaaprivier is 'n syloop van die Breederivier, het water van 'n lae gehalte en verloor natuurlike habitat weens aanplantings onder die vloedlyn.

Deur 'n gedeelte van die natuurlike buffersone te laat herstel is 'n eerste tree om die rivier, wat tot op hede grootliks as afvoersloot dien, te rehabiliteer.

## Regulatoriese risiko's - hou dit dop

Die Waterwet van 1998 het die eienaarskap van water in Suid-Afrika grondig verander. Water wat voorheen in privaat besit was, is nou 'n nasionale bate onder bewaring van die regering, dit wil sê die departement van waterwese en sanitasie. Alle watergebruikers moet hul watergebruik registreer en die reg toegeken word om 'n toegewese hoeveelheid water te ontvang. Hierdie toegewese hoeveelheid is geverifieer en gevalideer in opvangsgebiede van die Breede-, Berg- en Olifantsdoornrivier. Watergebruik wat bo die toegewese hoeveelheid is, kan geïdentifiseer en reggestel word. Enigiemand wat nie voldoen aan die regulasies nie kan 'n wettige hertoewysing van water as 'n regulatoriese waterrisiko beskou, omdat dit 'n uitwerking op die produksiekoers en sake sal hê.

**DIE WATERWET VAN 1998 HET DIE EIENAARSKAP VAN WATER IN SUID-AFRIKA GRONDIG VERANDER. WATER WAT VOORHEEN IN PRIVAAT BESIT WAS, IS NOU 'N NASIONALE BATE ONDER BEWARING VAN DIE REGERING**

Dit berus by die regering om water opnuut toe te wys tussen sektore, volgens waargenome behoeftes en geldelike uitsette. Dié mag het by tye gesorg vir vuurwarm debatte tussen die departement van waterwese en die landbousektor. Mnr. Trevor Abrahams is 'n boer en lid van die raad van die bestuursagentskap van die Breede-Gouritz-opvangsgebied. Hy bevind hom in die seldsame posisie dat hy die proses van die rentmeesterskap bekyk as 'n boer én as verteenwoordiger van die watersektor. Hy vind dat die proses om water-voogdyskap, soos uiteengesit in die AWS-standaard, gegrond is op wetenskaplike bewyse, die goeie byhou van rekords en verantwoordelike praktyke. Dit is dus 'n instrument om goed gedokumenteerde gevallestudies te skep vir plase en ook maklik vir reguleerders om waardasies te doen. Hy beskou water-voogdyskap en spesifiek die AWS-standaard as 'n moontlik neutrale roete om te volg as daar besorgdheid oor regulatoriese risiko's is.

## Opvangsgebied-inisiatiewe in die bo-Breederivier

Soos wat die projek in die Breederivier-gebied gevorder het, het ons belanghebbendes genooi om waterrisiko's en rentmeesterskap wat verder as plaasgrense strek te bekyk. 'n Produktiewe bespreking het tot die identifisering van drie risiko's gelei, naamlik:

1. Die gehalte van water rondom snelgroeïende dorpsgebiede (**risiko's vir fisieke watergehalte**)
2. Tekort aan toegang tot gedeelde inligting aangaande rentmeesterskap (**dit verhinder verantwoordelike watergebruik**)

### 3. Indringerplante en die verminderde beskikbaarheid van water in die boloop **(risiko vir die hoeveelheid water beskikbaar)**

Die identifikasie van hierdie risiko's is omgesit in geleenthede vir water-voogdyskap wat die opvanggebied se bestuursagentskap sal betrek en ander boere, die munisipaliteit en dorpsinwoners sal noui om daaraan deel te neem.

Oor die algemeen het die landbouproduksie – en die noodsaaklikheid van arbeid – in die Ceresvallei skerp toegeneem nadat die herboude Koekedouwdam hom in 1998 bewys het as 'n betroubare waterbron. Vermeerderde landbouproduksie beteken ook 'n toename in die noodsaaklikheid van arbeiders. Prince Alfred Hamlet, geleë net noord van Ceres, het tussen 4 000 en 5 000 inwoners. Dié dorp, soos talle ander in die streek, bied huisvesting aan die seisoenale invloei van mense wat daarheen gaan vir werkgeleenthede in oestyd. Talle mense bly permanent aan in die vallei. Die vinnige toename in dorpsvestiging het uitdagings na vore gebring wat verband hou met sanitasie en die hoëdigtheid-aanhouding van lewende hawe in gebiede wat nie hiervoor ontwerp is nie. In Prince Alfred Hamlet hou baie van die kwessies oor sanitasie en die ruimte vir lewende hawe daarmee verband dat dit naby is aan die Waboomsrivier, 'n syloop vir die Breederivier. Oor die volgende jaar is die doel om relevante belanghebbendes by 'n inisiatief betrokke te kry wat sal help om inwoners op te voed en die sanitasiegeriewe se reëlins te verbeter om besoedeling te verminder. Dit het ook ten doel om waar moontlike munisipale steun te verkry en

#### **Indringerplante – dors indrings van die landskap**

In Suid-Afrika het indringerplante reeds groot gebiede oorgeneem, wat biodiversiteit bedreig. Dit gebruik ook meer water as wat inheemse plantegroei benodig. Indringerplante slurp jaarliks na beraming sowat 3,3 biljoen kubieke meter water op. Dit is gelykstaande aan bykans 7% van ons riviervloei. Regeringsprogramme soos Werk vir Water en NRO-programme soos die WWF-SA se Water Balance het ten doel om indringerplante uit te wis, veral in ons waterbron-gebiede.

om toe te laat dat die bestuursagentskap (CMA) sy plan in werking stel om die watergehalte naby Prince Alfred Hamlet noulettend te monitor.

Die plaas Romansrivier moet ingevolge 'n ooreenkoms met CapeNature jaarliks R100 000 belê om indringspesies op plaasheuwels uit te roei. Dit verseker dat daar goeie afvloei is vir die opvangsgebied van die Breederivier. In hul ervaring is dit 'n nimmereindigende taak as jy net op plaasskaal daaraan aandag skenk weens sate wat oorwaai van naburige gebiede. Die genoegsame skoonmaak van gebiede met indringerplante verseker goeie watervoorsiening stroomaf en is 'n groepsinisiatief wat 'n gekoördineerde benadering van hierdie skoonmaaktaak verg. Aanvanklike finansiering van Woolworths en Marks & Spencer sorg vir betrokkenheid en die beplanningsfase vir 'n skoonmaak-inisiatief in dié gebied.

Die laaste stap is om die webgebaseerde instrument te ontwikkel en beskikbaar te stel wat hopelik maklik toegang gee tot inligting oor water-voogdyskap wat relevant is vir die landbou in Suid-Afrika. Dié instrument sal vir eers fokus op die Wes-Kaap. Na beoog word, sal dit uitgebou word sodat dit ook vir boere landwyd relevant sal wees.

# WATER-VOOGDYSKAP ANDERKANT DIE BREEDERIVIERVALLEI

Die gedagte aan die rentmeesterskap van water kom internasionaal voor. As sulks is die AWS-standaard ook ontwerp om wêreldwyd gebruik te word deur verskeie sektore, soos byvoorbeeld die tekstielbedryf en mynwese. Soos wat die AWS-standaard ontwikkel groei, moet 'n mens jouself afvra hoe gaan water-voogdyskap in Suid-Afrika daaruit sien as 'n mens verder as die omvang van die Breederiviervallei daarna kyk. Hieronder is gedagtes in hierdie verband:

## Landbou anderkant die Breederivier se opvangsgebied

---

Water-voogdyskap kan maklik toegepas word op alle landbousektore, waaronder gewasse wat natgelei word asook dié wat net reën kry, asook op plase met lewende hawe. Dit word hoofsaaklik toegeskryf aan landbou se afhanklikheid van water en die potensiaal om waterbronne te besoedel. 'n Instrument soos die AWS-standaard bied 'n uitgewerkte roete vir die landbousektor om met die vereistes van die watersektor te werk.

Die meeste boere ervaar egter reeds druk oor verskeie nasionale en internasionale gesondheids, veiligheids- of etiese standaarde. Sommige sektore het reeds inisiatiewe vir volhoubaarheid soos die vrugte- en wynbedryf (die biodiversiteit-en-wyninisiatief of BWI, met meer as 180 lede) en die suikerbedryf (die volhoubare suikerriet-plaasbestuurstelsel of SusFarMS), wat deur 47 000 lede onderskryf word). Vir watervoogdyskap om goed geïntegreer te word in die landbousektor is dit veral belangrik

om die standaarde en inisiatiewe te stroomlyn. Ons hoop dit sal die eindelose herhaling uit sertifisering haal wat boere in staat sal stel om hul aandag te wy aan kosproduksie – op 'n wyse wat verantwoordelik teenoor verbruikers, die omgewing én toekomstige generasies is.

## Bosbou

---

Talle in die plaaslike bosbousektor onderskryf die Forest Stewardship Council™ (FSC™). Vir die afgelope 15 jaar is die FSC 'n voorstander vir 'n vrywillige proses om watergebruik te verbeter – naamlik om bome uit te haal by water en om 'n buffersone van 30 m om vleilande en riviere te skep. Dié praktyk is goed gevestig in die bosbousektor, maar in wese is dit maar een aspek om in ag te neem binne die

**STEL BOERE IN STAAT OM HUL AANDAG TE WY AAN KOSPRODUKSIE – OP 'N WYSE WAT VERANTWOORDELIK IS TENOOR VERBRUIKERS, DIE OMGEWING ÉN TOEKOMSTIGE GENERASIES.**

---

veel groter proses van water-voogdyskap. 'n Bekendstelling aan rentmeesterskap van water sal 'n aansporing wees vir dié sektor om na die groter spektrum van waterkewessies te kyk, ook in meer tegniese detail. Bosbouers sal moet wys dat hul impak buite plantasie-grense goed bestuur word, veral wat betref indringerplante wat versprei en verwoestende gevolge op ganse opvangsgebiede kan hê.

## Mynbou

Mynbou word in die algemeen beskou as 'n sektor wat 'n ernstige negatiewe uitwerking op die landskap en opvangsgebied het. Dit is moeilik om jou in te dink dat 'n myn 'n sertifikaat vir water-voogdyskap kan hê. Goud- en steenkoolmyne het

volop negatiewe publisiteit ontvang wat verband hou met die swak bestuur van suurmynwater.

Binne elke sektor is egter die potensiaal vir beter produksie, die vermindering van die uitwerking daarvan, die internalisering van koste wat met die omgewing verband hou en samewerking met bure om beter watersekerheid vir almal te verseker. Wat as praktyke insluit die herwinning van ou mynhope in plaas daarvan om nuwe gate in die grond te grawe? Wat as 'n myn daartoe verbind was om sy vlakke van afvloeiwatert te suiwer (tot vlakke volgens nasionale riglyne) vir 'n tydperk van dekades, ver anderkant die aktiewe leeftyd van 'n myn? Sou sulke vlakke van verantwoordelikheid die myn se rentmeesterskap inhou?

© K SCHACHTSCHNEIDER



Koekedouwdam, Ceres

# BYKOMENDE INLIGTING

Hier kry jy bykomende inligting:

## **WATERRISIKO:**

[waterriskfilter.panda.org](http://waterriskfilter.panda.org)

## **WATER-VOOGDYSKAP:**

### **AWS**

[www.allianceforwaterstewardship.org](http://www.allianceforwaterstewardship.org)

### **WWF**

[panda.org/ws](http://panda.org/ws)

## **WATER EN LANDBOU:**

[www.wrc.org.za](http://www.wrc.org.za)

## **VIR VERDERE INLIGTING OOR POGINGS MET RENTMEESTERSKAP IN DIE BREEDERIVIERVALLEI:**

[http://corporate.marksandspencer.com/  
blog/stories/marks-and-spencer-water-  
stewardship](http://corporate.marksandspencer.com/blog/stories/marks-and-spencer-water-stewardship)

## **REGSTREEKSE KONTAKBESONDERHEDE:**

Klaudia Schachtschneider,  
Program vir rentmeesterskap van water,  
WWF-SA:  
[kschacht@wwf.org.za](mailto:kschacht@wwf.org.za)

Claire Bramley,  
Program vir rentmeesterskap van water,  
WWF-UK:  
[cbramley@wwf.org.uk](mailto:cbramley@wwf.org.uk)



# WWF Suid-Afrika

## FACEBOOK

Volg ons op  
[facebook.com/WWFSA](https://www.facebook.com/WWFSA).

## WEBWERF

Besoek [wwf.org.za](http://wwf.org.za) vir  
verdere inligting.



## TWITTER

Volg ons op  
[twitter.com/wwfsouthafrica](https://twitter.com/wwfsouthafrica).

## TREE NOU OP

Vind uit by  
[wwf.org.za/actnow](http://wwf.org.za/actnow)  
wat jy kan doen.



### Hoekom ons hier is

Om die agteruitgang van die planeet se natuurlike omgewing te keer en om 'n toekoms te bou waarin die mens in harmonie met die natuur leef.

[www.wwf.org.za](http://www.wwf.org.za)